



# WOORDGESPREK

- Vir Bybelstudie, omgegroepe en huisgeloof -

## NG KERK RANDBURG

**Week van 10 Februarie – Lukas 5 : 1-11**

**Stil word en aanbidding:** Lees Psalm 29:11 3 keer. Die Here gee krag aan Sy volk; die Here seën Sy volk met *oorvloed*. Sê vir die Here dankie vir alles waarmee Hy jou seën.

**Woord:** Paulus verwys na Lukas as "die dokter wat hy baie liefhet" (Kol. 4:14). Daar is voldoende gronde om af te lei dat Lukas 'n nie-Joodse Hellenistiese afkoms gehad het. Uit die boek Handelingte kom ons agter dat Lukas 'n reisgenoot van Paulus was, maar alle aanduidings is dat Lukas nie 'n ooggetuie van Jesus se lewe en werk was nie. Lukas rig sy evangelie verhaal en die verhaal oor die apostels aan dieselfde persoon, Teofilus. Lukas spreek Teofilus hoflik aan, maar rig sy verhaal ook aan gelowiges uit die heidendom. Lukas wil in sy evangelie die betroubaarheid van die evangelie bewys deur die verhaal wat hy vertel. Sy evangelie het veral die volgende uitstaande kenmerke wat die Lukas-evangelie van Matteus en Markus onderskei: die evangelie is universeel, vir almal; Jesus se liefde vir die uitgeworpenes en randfigure; sondevergifnis; die fokus op armes, vroue, die rol van die Heilige Gees, gebed en vreugde. Lees nou Lukas 5:1-11 se verhaal.

### Gesprek

1. Deel met mekaar elkeen van julle se unieke roepingsverhaal. Vertel ondermeer wat was die omstandighede? Wat het gebeur? Hoe het dit jou lewe verander?
2. Dit is opvallend dat Petrus in hierdie gedeelte nie een keer op eie inisiatief handel nie. Al sy aksies is die gevolg van die openbaring van Jesus se gesag oor Petrus se lewe. Wys vir mekaar Jesus se inisiatief orals in die gedeelte uit.
3. Dink en leef julle vir 'n oomblik in Simon se skoene in. Wat sou jy gedoen het? Sou jy as visserman nie dalk die opdrag van Jesus as volslae belaglik afgemaak het nie? Bedink wat die beweegrede agter Simon se optrede was.
4. Verwonder julle oor die gebeure van die reuse visvangs. Ontleed Simon Petrus se reaksie. Besin oor die ontdekkings wat jy oor jouself en oor God gemaak het in jou eie roepingsverhaal.
5. Vers 11 moes uiteraard enorme ekonomiese implikasies vir hierdie eerste volgelingen van Jesus gehad het. Bespreek onder mekaar wat dit is wat elkeen van julle nog moet prysgee wat julle verhoed om Jesus met oorgawe na te volg.

**Doen-dinge:** Probeer onderskei waar die Gees van God in jou lewe werksaam is, deur die volgende vir jouself af te vra: Waarna smag ek? Watter onderwerpe of sake kom telkemale weer in jou hart en gedagtes op? Waarmee worstel jy? Wat skep energie en wat tap jou energie?

**Afsluiting:** Het die groep of gesin al begin met 'n gebedsjoernaal waarin gebedsversoeke neergeskryf word? Deel enige gebedsverhoring of Godservarings sedert julle mekaar laas gesien het. Hoe en waar het jy die afgelope week vir God beleef? Dank God daarvoor.